Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Sondag 43

Negende Gebod

Dr AH Bogaards

Lees: Psalm 52 en Efesiërs 4:17-32

Teks: Ef.4:22-24

HK: Sondag 43

Psalms: Ps.92:1,2; 9:7; 139:1, 2, 12; 34:1,6; 19:6,7

1. Inleiding:

Die Skrif is vol daarvan: van die groot, naaste-vernietigende krag van die mensewoord.

Psalm 52 en die geskiedenis wat daaragter lê, is ’n voorbeeld daarvan. Die agtergrond van hierdie Psalm is die geskiedenis van Dawid se vlug vir Saul in 1 Samuel 21 en 22. Op sy vlug het Dawid by Ahimeleg in Nob gekom. Helaas het dit nie by die oë van Doëg, die Edomiet, verbygegaan nie. Doëg het dit aan Saul meegedeel: “Ek het die seun van Isai sien kom in Nob by Ahiméleg, die seun van Ahítub. En dié het vir hom die HERE geraadpleeg en hom padkos gegee; hy het ook die swaard van Góliat, die Filistyn, aan hom gegee.” Dit was die waarheid en tog nie die waarheid nie. Want Doëg skep by Saul die indruk van verraad. En die gevolg van hierdie leuenwoord was: Ahiméleg en sy huis, op een uitsondering na, sterf deur die swaard – nee, deur die woord, kan ons maar sê – van Doëg.

Na hierdie gebeure verwys Dawid in Psalm 52 vers 4 tot 6, wanneer hy sê: “Jou tong (Doëg) beraam onheil, soos ’n geslypte skeermes, o werker van bedrog! Jy hou ... van die leuen meer as om geregtigheid te spreek. Jy hou net van woorde wat verslind, o bedrieglike tong!”

Nou was Doëg ’n Edomiet, nie ’n lid van die volk van God nie. Maar hierdie gevaar van die leuentong is ook ’n realiteit vir alle gelowiges. WANT **Jakobus 3:5-10** waarsku broeders daarteen, wanneer hy skryf: “Net so is die tong ook ‘n klein lid en beroem hom

op groot dinge—kyk hoe ‘n groot hoop hout steek ‘n klein vuurtjie aan die brand. Die tong is ook ‘n vuur, die wêreld van ongeregtigheid. Net so ‘n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek ... Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking.” EN DAN LAAT JAKOBUS VOLG: **BROEDERS** – “Dit, my broeders, behoort nie so te wees nie.”

Ja, en ook BROEDER Dawid het geweet van hierdie sonde. Sou dit toevallig wees dat dat Psalm 52 volg op Psalm 51? Ek glo nie. Want in Psalm 52 gaan dit oor Doëg se leuentong, wat die dood veroorsaak van Ahimeleg en sy familie. En – Psalm 51 handel oor die geskiedenis van Dawid se leuentong en Uria. Hoe het Uria nie deurgeloop onder Dawid se leuentong nie en hoe het Dawid se woord hom nie in die dood in gestuur nie. In beide Psalms hoor ons van die tong. In Psalm 52:4 en 5 sê Dawid van Doëg: Jou ***tong*** beraam onheil, soos ‘n geslypte skeermes, o werker van bedrog! Jy hou meer van kwaad as van goed, ***van die leuen meer as om geregtigheid te spreek***. Ja, maar Dawid het uit ervaring geweet dat hy ook so ’n tong het en daarom bid hy in Psalm 51:16-17 om daarvan verlos te word: Red my van bloedskuld, o God, God van my heil! Laat my tong u geregtigheid uitjubel. Here, open my lippe, dat my mond u lof kan verkondig

(** Ps 50 hoort ook by Ps 51-52, want hoor maar wat sê Ps 50:19-20: “Jou mond laat jy los in boosheid, en jou tong vleg bedrog. Jy sit en praat teen jou broer, die seun van jou moeder beskimp jy. Ps 50-52 vorm ’n TRILOGIE – trilogie van die TONG)

In die negende gebod gaan dit oor ***ons woord en ons naaste se goeie naam***.

Ek staan met u stil by vier punte:

1. Die oorsprong van die leuen
2. God se toorn oor leuentaal
3. Wat God gebied en verbied in hierdie gebod
4. Christus reinig ons van leuentaal

<u>2.1. Die oorsprong van alle lieg en bedrieg</u>

Ek moet alle vorme van lieg en bedrieg **as die duiwel se eie werke vermy**.

Sondag 43 is die enigste Sondag waarin by die verklaring van die tien gebooie die duiwel genoem word. Lieg en bedrieg word duiwelswerk genoem. Leuentaal is van duiwelse oorsprong. Lieg is nie 'n kleinigheid nie. Dit is satanies.

Die duiwel se leuentaal begin al daar in die paradys:

In Genesis 2:15-16 kom ***die HERE*** met ***sy Woord*** na die mens: "En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe". ***Dit is die Woord van die HERE***, sy altyd betroubare woord, sy woord wat altyd waar is, altyd heilsaam is. In daardie woord het die mens lewe gehad, die egte, ware, ewige lewe.

Maar dan kom die ***Satan*** met ***sy woord, met sy leuenwoord*** in Genesis 3:1 na die mens. Hy sê vir Eva "Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?" Terwyl Satan goed weet dat die HERE net van een boom gepraat het, praat Satan van ál die bome. Deur die oordrywing gee hy 'n verkeerde voorstelling van die gebod. ***Die HERE se Woord*** word ***verdraai***. Ook kom ***die HERE se goeie Naam in gedrang***, want die HERE word as onbillik en hard voorgestel. In Genesis 3:4 –5 gaan hy nog 'n stap verder. Terwyl die HERE uitdruklik gesê het dat die mens ***sekerlik*** sal sterwe as hy van die boom van die kennis van goed en kwaad eet, sê die duiwel: "Julle sal ***gewis nie*** sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken". ***Weer*** word God se ***Woord verdraai en*** sy ***Naam kom in gedrang***, want Hy word voorgestel as onbetroubaar in sy Woord.

En – die mens glo die woord van die Satan. En daarmee bring hy die dood oor homself en sy nageslag. Die leuenwoord van die Satan vermoor hom.

Op die geskiedenis van Genesis 3 gryp Jesus terug, wanneer hy in Johannes 8:44 vir die Jode sê: "Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan."

Daarmee wys Jesus die oorsprong aan van alle leuentaal in die wêreld.

Om te lieg, is vir God geen kleinigheid nie:

2.2. God toorn oor leuentaal

Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel se eie werke vermy **as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring nie**.

Dit is die duidelike leer van die Heilige Skrif.

Dit hoor ons in Psalm 52. Die valse getuienis van Doëg sal nie ongestraf bly nie. Want in vers 7 së Dawid aangaande die kwaad van Doëg: “So sal God jou dan ook vir ewig omverwerp, jou wegruk en jou uit die tent uitsleep; ja, Hy sal jou ontwortel uit die land van die lewendes.”

In Spreuke 19:9 sê die Heilige Gees: “’n Valse getuie bly nie ongestraf nie, en hy wat leuens uitstrooi, kom om.”

Ons sal eenmaal rekenskap moet aflê van ons woorde. Dit leer Jesus ons ook in Matteus 12:36-37: "Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag. Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word".

God haat hierdie sonde. Valse lippe is vir die HERE 'n gruwel, sê die Spreukeboek (Spr.12:22). Maar nie alleen God haat die sonde teen die negende gebod nie. Ook die **gelowige haat dit**. Want in die boek Spreuke staan geskrywe: Die regverdige haat leuentaal (Spr.13:5).

In die lig van hierdie ernstige Skrifwoorde moet ons gaan kyk

2.3. wat God in die negende gebod verbied en gebied

Soos elke gebod het ook hierdie een 'n negatiewe kant en 'n positiewe kant: daar is dinge wat ek nié mag doen nie en daar is dinge wat ek moét doen.

Ons kan dit ook noem die afsterf van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens.

Ons begin by

1. **DIE AFSTERF VAN DIE OU MENS: ONS MAG NIE LIEG NIE**

In die negende gebod soos dit staan in Eksodus 20 gaan dit in die eerste plek oor ons getuienis in die hof: **Ek mag teen niemand valse getuienis aflê**.

Een voorbeeld word dus weer uitgelig, maar dit gaan in die negende gebod ook oor meer as maar net my woorde in 'n hof. Die belydenis noem 'n hele rits van voorbeelde:

- **Ek mag niemand se woorde verdraai nie**. Ons kan iemand se woorde so oordra, dat dit iets anders sê as wat hy eintlik bedoel het.
- Ons belydenis sê verder: **Ek mag nie 'n kwaadsteker wees nie**. 'n Kwaadstoker is ***nié 'n leuenaar nie***, maar iemand wat liefdeloos sy naaste se sondes uitblaker en aan die groot klok hang. Skinder kan hier onder val. In plaas dat ons liefdevol ***met*** iemand praat, praat ons liefdeloos ***oor*** hom. Ons naaste se goeie naam kom in gedrang.Hoe baie doen ons dit nie.
- Vervolgens sê die Kategismus: **Ek mag nie 'n lasteraar wees nie**. Anders as die kwaadstoker is die lasteraar ***wél 'n leuenaar***. Hy vertel dinge van sy naaste, wat onwaar is. Hy wil sy medemens se naam veragtelik maak. 'n Skinderaar kan ook 'n lasteraar wees.
- **Ek mag niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie**. In 'n hof word iemand eers behoorlik verhoor. Hy kry kans om gehoor te word en sy kant te stel. Ons sal dit as uiters onregverdig beskou as 'n regter iemand veroordeel, sonder dat hy verhoor is. Dieselfde verwag die Here ook van ons. Ons moet eers luister en nie iemand veroordeel voordat ons nie sy kant van die saak gehoor het nie.

Maar die negende bebod verbied nie net nie. Dit gebied ook. Dit bring ons by

2. DIE OPSTANDING VAN DIE NUWE MENS: JY MOET DIE WAARHEID PRAAT

- **In regsake en in alle ander handelinge moet ek die waarheid liefhê, en opreg wees in wat ek sê en bely.**
- **My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder**.

In die ***derde gebod*** gaan dit oor die ***Naam van God***. In die ***negende gebod*** gaan dit oor die ***naam van my naaste***.

Ek mag nie my naaste se naam deur die modder sleep.

MAAR ek moet nie net leuentaal vermy nie. Ek moet dit ook ***daadwerklik teengaan***. As ek stilbly as my naaste se naam in gedrang kom, oortree ek die negende gebod.

Ons is gebore leuenaars. Ook ons woorde oor ons naaste is besoedel. Net Een kan ons verlos daarvan:

2.4. Christus reinig ons van leuentaal

Die ***ou mens*** (soos wat ons geword het deur die sondeval) is ***'n leuenaar***.

So mag 'n Christen nie wees nie. Ons moet ons bekeer. Hierdie bekering bestaan uit die afsterwing van die ou leuen-mens en die opstanding van die nuwe waarheid-mens. Die verandering van tong het alles met die kruis en opstanding van Christus te make. Die kruis is die dood van die leuen, die opstanding van Christus is die geboorte van liefde vir ons naaste se goeie naam.

- Daarop wys Paulus die **Efesiërs 4:22-24**, wanneer hy vir hulle sê: Hulle moet, wat die vorige lewenswandel betref die ou mens aflê en dat hulle hulle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid. En dan voeg die apostel daarby: ***Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid***, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede (v.25).
- In **Kolossense** 3:9-10 kry ons presies dieselfde gedagte: ***Lieg nie vir mekaar nie, omdat*** julle die ou mens met sy werke afgelê het en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper.

In sowel Efesiërs 4 as in Kolossense 3 kom telkens die beeld van God ter sprake. Ons is beeld van God as ons die leuen aflê en die waarheid praat.

In Romeine 6:6 sien ons hoe die wonder van die aflê van die ou mens plaasvind: deur die krag van die kruis. Ons weet dat ons ou mens saam met Christus gekruisig is. Daarom roep Paulus die Efesiërs en die Kolossense ook op om die ou mens af te lê.

3. Slot

Die duiwel is die vader van die leuen.

God in Christus is die Vader van die waarheid.

Hy moet ons bewaar van die leuen. Hy moet ons terugbring by die waarheid.

Daarvan sal ons ook netnou sing:

> Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad
> u heil'ge wil weerstreef;
> laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry
> van groot oortreding leef.
> Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond,
> o HEER, op wie 'k vertrou het,
> U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees -
> my Rots, op wie 'k gebou het.

Dit is ’n gebedspsalm: Bewaar my vir die kwaad - doen U dit!

AMEN